

DIE STILTE VAN DIE VELD

Sondag 8 Augustus 2004

Ses en twintig minute na middernag

(Kuala Lumpur Internasionale Lughawe, 40 minute of so voor ons weer vertrek)

Die punt is, as wie jy is nie voorbestem is nie, kan jy wees wie jy *kies* om te wees (Friedrich Nietzsche: “Will a self, and thou shalt become a self”). Die kinkel is wel dat wie jy kies om te wees of wie jy kies om te word, beperk is tot jou gegewenheid – gene, sosio-kulturele en etniese agtergrond, ensovoorts – en ook deur partikulêre tyd en plek.

Steeds, om gegewenheid as ’n verskoning te gebruik om nie meer te word as wat jy *veronderstel* jy veronderstel is om te wees nie as gevolg van dit wat aan jou “gegees” is, is om die ongelooflike vermoë wat die mens het om hom- of haarself te transformeer, te onderskat.

Nag: Nege minute oor een

(Steeds wagtende in die masjien)

Ek kan verstaan hoekom sommige mense kies om hulleself te isoleer van die gemeenskap, van ander mense. Dis nie noodwendig dat hulle nie van mense hou nie, dis eerder ’n geval dat hulle ’n punt bereik wat hulle nie meer gekonfronteer wil word, op ’n daaglikse basis, met dinge wat meeste mense wonderbaarlik regkry om te ignoreer nie, of wat meeste mense bloot aanvaar sonder om dit te veel te bevraagteken.

Nag: Een en twintig minute oor een

Die vrou in die pienk trui sit in ry, ek dink 23 of 28. Nadat ek met haar gesels het in die bussie op pad na die lughawe, het sy

gewag vir die volgende hysbak na die vyfde vloer. Toe ons later wag om aan boord te gaan, het sy op dieselfde bank as ek, twee sitplekke van my af, kom sit. Ek vra haar toe, “Ni yizhi feidao Agenting ma?” (Vlieg jy non-stop na Argentinië?) Ons gesels toe ’n bietjie, en toe ons moet gaan, staan sy eerste op en stap vinnig genoeg om etlike plekke voor my in die ry te wees. Toe ek verby haar stap in die vliegtuig (na my sitplek in die gat, nommer 63D), het sy nie spesifiek na my gekyk nie, maar ek was in haar gesigsveld. Ek het myself verbeeld dat sy gereed was met ’n Engelse frase as ek in die verbystap iets moes sê soos, “Lekker vlieg.”

Het ek al genoem dat ek moeg is daarvoor om alleen te reis? Ek het verlede Saterdagmiddag in Nommer Nege vir myself gesê dit is my volgende groot ambisie – om nie meer alleen te reis nie. Die vrou in die pienk trui sou lekker gewerk het ...

Ons begin spoed optel. (Het die mense voor my nie gehoor die loods het almal beveel om hulle monde te hou nie?) Die jazz oor die luidsprekers raak al hoe jazzier, die mense praat al hoe harder, die ligte van die lughawe flits vinniger en vinniger en ons is ... in die lug!

Dis ellendig om alleen te wees.

Oggend: Vyf minute voor vyf (Suid-Afrika tyd)

Die land van my Gegewe Self kom in fokus. Die tydskrekening kon nie beter gewees het vir die musiek in my ore nie: Juluka se “Akanaki Nokunaka” (He Doesn’t Care, Even About Caring).

Oggend: Kwart voor sewe

(Johannesburg Internasionale Lughawe)

“I was the only one / to witness my homecoming / so I asked myself / Brother Josef, how’ve you been ...” (uit *Africa*, deur Juluka)

Een *Mail & Guardian*, twee sigarette, ses poskaarte – ek is immers ’n toeris – en ’n halwe bottel Orange Powerade later sit ek voor die Bureaux de Change, en vul nog ’n bladsy op in ’n notaboek wat gewoonlik ooplê op my antieke kassie in Benewelde Lig.

Oor ’n kwartier gaan ek my ou vriendin J. wakker bel, en oor hopelik ’n uur of so maak ek my dramatiese herverskyning in Dronkwordspruit.

Gaan my opinies van die afgelope paar maande verander oor die volgende vier weke? Gaan ek nuwe insigte opdoen wat huidige planne in heroorweging sal roep? Tyd sal leer.

Tyd vir ’n koppie koffie ...

Vrydag 13 Augustus 2004

Aand: Sewentien minute voor nege

Ek het vandag, Vrydag die dertiende, weereens besef hoekom sommige mense kluisenaars word. Dis die stilte, die afwesigheid van konfrontasie met mense wat jou nie verstaan nie, wat nie begryp wat in jou kop aangaan nie, wat jou verkeerd verstaan; ook die afwesigheid van jou eie stem as jy jouself nogmaals probeer verduidelik.

Die kluisenaar gee dus tot ’n groot mate op in sy poging om verstaan te word en om aanvaar te word binne die gemeenskap, selfs deur dié wat hy liefhet.

Sondag 15 Augustus 2004

Aand: Twintig voor ses

Ek is skielik baie aangetrokke tot stilte, soos om by of in ’n oop stuk veld te sit, en net te luister, en miskien met myself ’n fluistergesprek te voer.

Mens sal moontlik reken dit het te make daarmee om nie te wil verskyn nie, en die instink om jouself te beskerm. Ek glo dat ek toenemend vervreemd raak van mense omdat meeste

mense wat ek ontmoet, nie op dieselfde reis is as ek nie – intellektueel gesproke, maar dit kan ook gesien word as ’n spirituele proses.

As ek myself byvoorbeeld bekeer het tot ’n ortodokse weergawe van Judaïsme, sou my verhouding met familieledede en sommige ou vriende op ’n soortgelyke vlak van vervreemding gewees het as wat nou die geval is. Maar nou is die oortuigings wat ek vir myself uitgewerk het, my eie geloof, met geen eksterne paraferalia soos kleredrag en spesifieke styl gesighare wat gedeel word met ander in ’n geloofsgemeenskap nie, soos in die geval van byvoorbeeld ortodokse Jode. Ek probeer dus steeds herkenbaar wees (“soos julle my nog altyd geken het”), maar dit raak toenemend moeilik.

Vrydag 20 Augustus 2004

Middag, tussen vier en vyf, onder ’n boom; ligbruin sokkies, ou vellies, groen kortbroek, geel onderbroek, en rooi kortmouhemp met wit spikkels op.

Nou net teruggestap van die dorp af, laaste deel oor ’n stofpad, tot op die plot. Het in die dorp drie boeke gekoop vir die totale koste van een R5-muntstuk: *Toe Witmense Arm Was*, ’n Truman Capote boek, en die draaiboek vir ’n Italiaanse toneelstuk met die titel, *Six Characters In Search Of An Author*. Draaie gemaak by tweedehandse meubelwinkels, banksake gedoen by Standard Bank en Postnet, en toe by die Spur middagete geëet.

By die Spur het ek gesit in die rokersarea. ’n Ouerige dame het alleen by ’n tafel agter my gesit. Ek weet nie wat sy gedrink het nie, maar sy’t vroeg al “Nog een!” in die rigting van die naaste kelner geroep. Ook alleen was ’n aantreklike jong vrou by ’n tafel skuins oorkant my. Sy het die hele tyd op haar selfoon gepraat, yskoffie gedrink, en die een Paul Revere na die ander geroek.

Ek het bestel ’n Spur burger vir R23.95, knoffelsous vir R7.95 en ’n Black Label vir R9.95. Ek het die *Streekennus* (R1)

gelees, en twee Nat Shermans opgevlam met Lion vuurhoutjies.

In die middel van die dorp het ek 'n paar interessante feite op 'n kennisgewingbord gelees: Pretoria is 50 kilometer van Bronkhorstspuit af, Kaapstad 1 380 kilometer, Johannesburg 100 kilometer, Taipei 11 620 kilometer en Hong Kong 10 800 kilometer. Daarna het ek teruggestap plot toe.

Nou sit ek onder 'n boom, en hoor 'n stem wat onderlangs mompel: Lewe is ... duiwe wat koer, karre wat verby ry, die wind wat deur die blare waai, iets tussen my tande, voetstappe in die agtergrond, klein voëls en insekte wat lawaai in die bome, die reuk van groentesop uit die kombuis, 'n radio wat lounge music uit die sestigs speel, 'n telefoon wat lui ...

Saterdag 4 September 2004

Oggend: Dertien minute voor tien

(Kuala Lumpur Internasionale Lughawe)

“Aircraft Interior Maintenance ASU” staan op die kant van die trek op die aanloopbaan. Agter my strek 'n leë gang vir seker 'n halwe kilometer in die hart van hierdie deel van die lughawe in. “... to Hanoi, ready for boarding at Gate C6,” sê 'n Maleisiese vrou. Haar stem is mooi, en sterk.

“Barang bang, barang bang,” kondig sy weer aan, “... to Bangkok ... for immediate boarding,” is die laaste deel wat ek vang (ek kan nie skryf én luister nie).

“Langer, en meer gereeld,” herinner ek myself aan wat ek vroeër vanoggend gedink het oor tyd spandeer met my familie. Ek speel rond met die idee vir nog 'n paar minute voor ek hardop sê, “Meer gereeld is belangriker as langer.” Ek sluit af met 'n voorlopige, potloodgeskrewe skema in my kop: Desember, April, Augustus.

Aand: Kwart oor nege

(Fengshan City, Taiwan)

Ek het nog nie werklik 'n “integrated view of existence” nie.
Ek het wel heelwat boustene. En welkom terug.

Nag: Kwart oor elf

Die stilte van die veld ...

NOTA:

HIERDIE DOKUMENT BEVAT TEKS UIT
DERTIEN MINUTE OP 'N SATERDAGAAND
DEUR BRAND SMIT.

VIR MEER INLIGTING, BESOEK ASSEBLIEF
BRANDSMIT.NET

JY IS WELKOM OM KOPIEË VAN HIERDIE
DOKUMENT TE VERSPREI SOLANK DIE INHOUD
ONVERANDERD BLY.

© 2015 BAREND J. L. SMIT